

Sing vooraf: Psalm 106:8 (p. 525)

- 8 Hul het 'n kalf van goud gemaak / en God, hul heerlikheid, versaak;
voor niet'ge dierbeeld neergeboë, / hul redder uit Egipteland
vergeet, wat groot was voor hul oë, / gedug was by die see se strand.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 97:4 (p. 485)

- 4 Beskaamd word alle siel / wat voor die beelde kniel, / met lofwoord en gebede / gerig tot nietighede.
Hoog bo hul sit die HEER; / Hy's God, en niemand meer!
Hul buig hul, diep en stom, / die ganse godedom, / voor God se grootheid neer.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Psalm 81:10 (p. 412)

- 10 Onder jul mag geen / afgodsbeeld verrys nie: / Ek is God alleen!
Jul mag god of heer / wat die nasies eer, / met geen lofstem prys nie.

Skriflesing: Deuteronomium 4

Teks: Deuteronomium 4:15-19; Kategismus Sondag 35

Pas op! Die lewe is vir julle op die spel. Die Here self het met julle op Horeb uit die vuur uit gepraat, al het julle dié dag niemand gesien nie. Moenie julle eie ondergang soek deur vir julle 'n afbeelding as afgodsbeeld te maak nie: nie van 'n man of 'n vrou nie, nie van enige dier op die aarde of van enige voël in die lug nie, nie van enigiets wat op die aarde kruip of van enige vis in die waters onder die aarde nie. “Wanneer julle na die hemelruim opkyk, die son, die maan en die sterre, enige hemelliggaam, moet julle nie julle hoop op hulle vestig nie. Moet julle nie laat verlei om hulle te vereer en te dien nie. Die Here julle God het hulle toegeken aan al die volke op die aarde.

(Deuteronomium 4:15-19 AFR83)

Neem julle dan terdeë in ag ter wille van julle siele—want julle het géén verskyning gesien op die dag dat die HERE by Horeb uit die vuur met julle gespreek het nie— sodat julle nie verderflik handel deurdat julle vir julle 'n gesnede beeld, 'n gelykenis van enige afgodsbeeld, maak nie: 'n afbeelding van man of vrou, 'n afbeelding van enige dier wat op die aarde is, 'n afbeelding van enige gevleuelde voël wat in die lug vlieg, 'n afbeelding van enigiets wat op die aarde kruip, 'n afbeelding van enige vis wat in die water onder die aarde is; dat jy ook jou oë nie na die hemel opslaan, en as jy die son sien en die maan en die sterre, die hele leër van die hemel, jou laat verlei en voor hulle neerbuig en hulle dien nie—dinge wat die HERE jou God aan al die volke onder die hele hemel uitgedeel het.” (Deuteronomium 4:15-19 AFR1953)

Dit gaan oor die manier waarop ons die Here aanbid, ook daarvoor dat ons moet oppas dat ons (hoe onskuldig ook al!) nie in beelddiens verval nie.

As ons die Tien Gebooe lees, dan sien ons dat die eerste gebod eis dat ons die Here as die enigste God moet eer.

- Maar die Here sê nie in die eerste gebod op watter manier Hy vereer wil word nie.
- *Daarom handel die tweede gebod oor die eis wat God stel waarop Hy vereer wil word.*

U moet oplet dat hier iets gestel word wat uiters belangrik is, en wat ons as moderne mense net doodgewoon moet raaksien. *Dit is dat die Here hier sê hoe Hy NIE gedien wil word nie.*

- Dit is belangrik omdat die moderne mens altyd 'n ding op sy eie manier wil doen.
- As ons in ons diens aan en verering van die Here ons eie pad inslaan, gaan ons teëspoed optel.
- Die Here wil nie deur beelde vereer word nie. “Jy mag nie vir jou 'n beeld of enige afbeelding maak . . . nie.”

Daar is nou altyd mense wat allerhande redenasies aan die gang sit om te sien of mens iewers by die Bybel kan verbykom, en so het ons mense wat redeneer dat die afbeeldings hier byvoorbeeld oor beeldhouwerk gaan.

- Let daarop dat die woord afbeelding in die enkelvoud geskryf is, omdat dit wys op die Here.
- Jy mag nie 'n afbeelding van enige geskape ding maak om God daarmee te wil verheerlik nie.
- Die rede daarvoor is baie voor die hand liggend, en dit is dat die Here 'n persoonlike God is.
- Die Here wil hê dat ons Hom persoonlik en alleen moet aanbid.

Hierdie tweede gebod het vir die eerste Christene 'n groot spanning geskep.

- Want u moet onthou dat hulle tussen heidene gelewe het, en feitlik alle afbeeldinge wat in daardie tyd gemaak is (voëls, visse, mense, allerhande diere, ens.) was afgodsbeelde wat as kultusvoorwerpe aanbid is.

Hierdie mense moes uit hierdie proses uit wegbreek, terwyl hulle hele kultuur daarvan vol was.

- Dit was nie maklik nie – maar nadat hulle tot bekering gekom het, het hulle besef dat geen regdenkende mens 'n werklikheidgetroue beeld van God kan maak nie.
- Daar is twee maklike redes waaraan u dadelik kan dink: Die eerste is dat die almag van God so groot is dat dit die grense van alle begrip oorskry.
- Daarom kan dít alleen al op geen enkele manier in 'n beeld vasgevang word nie.
- Die tweede rede is dat God Gees is, en Gees kan ook nie in 'n fisiese beeld of afbeelding uitgebeeld word nie.
- Daarom mag ons die Here nie afbeeld nie, want enige afbeelding gaan sy heiligheid en grootheid skend en afbreek.

Die gevaar om hierdie sonde te doen, is groot, want die duiwel kom met hierdie sonde – soos met al die ander – van verskillende kante af na ons toe.

- Mens sou kon redeneer dat die kuns 'n magtige medium is waarmee mens dinge sou kon uitbeeld en oordra – om dit te gebruik om die standpunt te regverdig dat God afgebeeld kan word.

U moet waak daarteen dat mens nie allerhande menslike redenasies en gedagtegeange as beginsel verklaar, so asof ons beter weet as die Here nie.

- Die duiwel maak mens gewoon daaraan dat ons allerhande Bybelprente sien waarop Jesus afgebeeld is, byvoorbeeld waar Hy aan die kruis hang, of waar Hy staan met 'n doringkroon op.
- Die dinge vererger omdat die televisie ook dikwels films vertoon waarop die Here op die een of ander manier afgebeeld word.

Die probleem is dat so iets ons baie pla as ons dit vir die eerste keer sien, maar al hoe meer ons dit sien, al hoe meer raak ons gewetes afgestomp, en uiteindelik is dit glad nie meer snaaks nie.

- Die ellende van die saak is dat dit ons aanbidding enersyds vervlak, en andersyds ons aanbidding verskuif van die Here af na hierdie afbeelding toe.
- As ek dit vir u effens moeiliker kan stel, sou ek dit so doen: Afbeelding het altyd iets van die leuen in hom wat die waarheid toedruk.
- Soms gebeur dit meer en ander kere minder, maar die eindresultaat is dieselfde: Die egte grootheid en heiligheid van die Almagtige God word geskend.

U moet net onthou dat die Here nie sê dat ons Hom nie mag aanbid nie.

- Hy sê juis ons moet – net nie soos ons wil nie.
- Hy wil hê ons moet sy Woord ondersoek en Hom dan aanbid soos wat die Bybel ons leer.

Die probleem is dalk dat die verlossingsboodskap van die Here Jesus Christus so is dat dit van ons volkome gehoorsaamheid aan die Drie-Enige God vra.

- Die Verlosser het inderdaad deur die kruisdood en opstanding ons onvermoë om gehoorsaam te wees, deurbreek, want daarmee het Hyself tot op die letter en tot in die dood gehoorsaamheid aan God bewys.
- Na sy hemelvaart het die Heilige Gees teruggekom om ons in hierdie gehoorsaamheid te lei.

Gehoorsaamheid is nie net gehoorsaamheid aan die ander nege gebooue nie – dis ook gehoorsaamheid om God in volle persoonlike diens te aanbid. Sonder enige vorm van afbeelding.

Moet dus nie met beelde – in watter vorm ook al – die persoonlike band tussen jou en die Here deursny nie.

- Jesus Christus het deur sy verdienste vir u 'n oop en reguit toegang na die troon van God gegee.
- Die toegang het ook nie sommer uit die lug geval nie, want Hy moes die verskriklike straf van God oor alles wat ons aanvang, dra sodat die Here ons nie doodmaak as ons voor Hom nader nie.
- Dis 'n pad wat skoongemaak is met die bloed van die Verlosser.
 - Geen ding kan hierdie pad van persoonlike kontak vervang nie.
 - Moet dit daarom ook nie toemaak met allerhande vorme van beteweterigheid nie.

Kom ons lees Kategismus Sondag 35 saam.

Vraag 96: Wat eis God in die tweede gebod?

Antwoord: *Ons mag God op geen enkele manier afbeeld nie (a) en Hom op geen ander manier vereer as wat Hy in sy Woord beveel het nie (b).*

(a) Jes 40:18, 19, 25; Deut 4:15, 16; Rom 1:23; Hand 17:29. (b) 1 Sam 15:23; Deut 12:30; Matt 15:9.

Vraag 97: Mag ons dan glad nie beelde maak nie?

Antwoord: God kan en mag op geen enkele manier afgebeeld word nie (a). Die skepsels mag wel afgebeeld word, maar God verbied dat ons van hulle afbeeldings maak en besit om dit te vereer en Hom daardeur te dien (b).

(a) Jes 40:25. (b) Eks 34:17; 23:24; 34:13; Num 33:52.

Vraag 98: Mag ons beelde as “boeke van die leke” in die kerkgebou toelaat?

Antwoord: Nee, want ons moet nie wyser as God wil wees nie. Hy wil sy Christene nie deur stom beelde nie (a), maar deur die lewende verkondiging van sy Woord laat onderrig (b).

(a) Jer 10:8; Heb 2:18. (b) Rom 10:14, 15, 17; 2 Pet 1:19; 2 Tim 3:16, 17.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 14-1:3 (nuut)

- 3 Beoefen die godvrugtigheid / en wees jou medemens altyd / tot voorbeeld in jou lewenswandel.
Jy moet uit liefde teenoor God, / in opdrag van die groot gebod, / uit liefde tot die naaste handel.
O God, staan met u Gees ons by / sodat u liefde in ons bly.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 27 Julie 2008

Opsomming

Die Here wil net persoonlik aanbid word. Hy verdra dit nie dat hy deur beelde aanbid word nie – al dink ons dat dit baie goed bedoel is!